

2 Maart

Skrifgedeelte: Romeine 4:1-8  
HK, Vraag 61

### **Geloof is die hand waarmee ons die redding in Christus aanvaar**

Die Skrif leer sonder geloof in Christus is daar geen redding nie. Tog kan ons ook nie op ons geloof staatmaak asof dit 'n prestasie uit onself, beter as ander mense s'n is nie. Ons geloof of vermoë om die waarheid van verlossing uit onself te aanvaar kan ons nie salig maak nie. So 'n geloof sou dan oor iets verdiensteliks op sigself beskik. Ons het reeds gesien dat geloof in die redding deur Christus aan ons geskenk word, ons moet dit net aanvaar.

Ons geloof is maar die waardelose pot wat kosbare edelstene bevat. Ons geloof wat in eie woorde uitgespreek word het net waarde in soverre dit 'n kosbare inhoud bevat. Wie in Christus glo, omhels as 't ware daar by die kruis met vuil hande die redding en saligheid wat Hy vir hom bewerk het. Om te glo, beteken dus nie om jou bes te doen om vroom te leef en dan in spanning te wag of God jou gaan aanneem nie. Nee, dit beteken om net Christus se redding te omhels, vas te gryp en te aanvaar as voldoende – dan weet jy Hy neem jou aan.

Wat 'n troos vir een wat eers laat in sy lewe tot geloof kom! 'n Christen wat al jare die roetekaart van Gods Woord loop word op dieselfde manier gered as die een wat op die nippertjie sy verlossing in Christus raaksien. Dit is met hierdie kennis dat ons ons sondes en swakhede kan hanteer. God het dit uit ons hande gevat, van ons gewete kom afhaal sodat ons in Christus ons koppe weer kan optel en met woord en daad wys ons is gelukkige mense. Ja, sondaars en swakkeling, maar in Christus geheilig as God se kinders. Dit is hoekom Paulus sy oorwinningslied in Romeine 8:31-39 kon sing

*Dr. JL Venter (Pretoria-Annlin)*

~~~~~